

HOOFSTUK 14: VERMOËNSREGTE

1. INLEIDING

- 1.1 Die grondwet van *Die Voortrekkers* bepaal 'n aantal vermoënsregte van *Die Voortrekkers* in artikel vyftien (15) en die hoofstuk handel met bykomende vermoënsregte.
- 1.2 Die grondwet bepaal ook dat 'n bestuursliggaam waar nodig by ondergeskikte liggame navraag kan doen oor opdragte, take en pligte wat skynbaar nie uitgevoer of nie afgehandel is nie, nie in orde is nie, of versuim word, en om dan na bevind van sake te handel of opdragte te gee na gelang die betrokke dagbestuur oordeel dat die goeie gang van sake die beste bevorder kan word.

2. ONTBINDING

- 2.1 Die ondergenoemde bepalings geld wanneer een van die volgende liggame ontbind word:
- 2.1.1 'n Span los van 'n kommando
- 2.1.2 'n Veldkornetskaps of Staatmakergroep los van 'n kommando
- 2.1.3 'n Voortrekkerkommando
- 2.1.4 'n Streek
- 2.1.5 'n Oord
- 2.1.6 'n Gebied
- 2.2 Die betrokke Gebiedsdagbestuur of Hoofdagbestuur kan enige liggaam soos genoem in artikel 2.1 van hierdie hoofstuk ontbind wanneer:
- 2.2.1 Die betrokke Veldkornetskapsbestuur, Staatmakergroepsdagbestuur of Kommando-bestuur of Streekbestuur of Oordbestuur of Gebiedsbestuur so 'n besluit neem;
- 2.2.2 Die betrokke liggaam nie meer funksioneer nie;
- 2.2.3 Die betrokke liggaam nie volgens die grondwet, reglemente en prosedures van *Die Voortrekkers* optree nie;
- 2.2.4 Die betrokke liggaam nie meer oor genoegsame lede beskik om 'n behoorlike bestuur soos in die betrokke reglemente bepaal, saam te stel nie.
- 2.3 Die betrokke Gebiedsdagbestuur of Hoofdagbestuur kan uit eie beweging of na oorlegpleging met die betrokke liggaam wat nie funksioneer nie maar waarvoor daar genoegsame bewys bestaan dat die liggaam binne afsienbare tyd weer behoorlik kan funksioneer, daardie liggaam onaktief verklaar en al sy bates en fondse in trust bewaar.
- 2.4 Wanneer so 'n liggaam egter ontbind, benoem die betrokke Gebiedsdagbestuur of Hoofdagbestuur 'n persoon om die ontbindingsaksies te koördineer. Die persoon reël dat al die lede by 'n soortgelyke liggaam inskakel. Die persoon bekom die volledige bateregister, finansiële state, saldo op rekeninge en bedrae van enige uitstaande skuld en besorg dit aan die betrokke Adjunkgebiedsleier (AGL) Administrasie of Adjunkhoofleier (AHL) Administrasie. Verder besorg hy alle boeke, lêers en ander argiefmateriaal aan die Adjunkgebiedsleier (AGL) administrasie of Adjunkhoofleier (AHL) Administrasie vir veilige bewaring vir minstens vyf jaar of permanent soos in hoofstuk vyftien (15) van die Reglemente bepaal.
- 2.5 Die Gebiedsdagbestuur of Hoofdagbestuur vereffen alle uitstaande rekenings van die te ontbinde liggaam.
- 2.6 Die Gebiedsdagbestuur of Hoofdagbestuur sluit alle rekenings van die te ontbinde liggaam by finansiële instellings en laat die saldo oordra na die rekening van *Die Voortrekkers* in die betrokke gebied of *Die Voortrekkers*.
- 2.7 Roerende bates van die betrokke liggaam kan deur die Gebiedsdagbestuur of Hoofdagbestuur aan enige persoon of instansie oorgedra of verkoop word en die geld so geïen word in die rekening van die gebied of *Die Voortrekkers* inbetaal.
- 2.8 Met vaste eiendom kan slegs gehandel word in oorleg met *Die Voortrekkers* (Edms) Bpk en moet daar in die verband met die Hoofsekretaris geskakel word.
- 2.9 Die Hebiedsdagbestuur of Hoofdagbestuur hou die geld wat van die ontbinde liggaam ontvang is vir 'n minimum termyn van vyf (5) jaar vir die betrokke liggaam in trust waarna dit aan die gebied of hoofbestuur toeval, indien dit duidelik is dat die herstigting van die liggaam onwaarskynlik is. 'n Gebiedsdagbestuur of Hoofdagbestuur kan egter in

- sy uitsluitlike diskresie besluit om trustgeld van 'n ontbinde liggaam na verloop van 'n langer termyn as vyf (5) jaar terug te betaal indien so 'n liggaam tot herstigting sou kom.
- 2.10 Die ontbinding van *Die Voortrekkers* kan slegs geskied ooreenkomstig die bepalings in die grondwet van *Die Voortrekkers*.

3. AANSPREEKLIKHEID

- 3.1 Die aanspreeklikheid van elke lid van *Die Voortrekkers* ongeag die posisie wat hy beklee, word tot R1 (een rand) beperk mits hy optree binne die bevoegdhede wat volgens die grondwet, reglemente en prosedures aan hom toegeken is.
- 3.2 Elke bestuursliggaam van *Die Voortrekkers* word gevrywaar van enige eis, van watter aard ook al, mits hy optree binne die bevoegdhede wat volgens die grondwet, reglemente en prosedures aan hom toegeken is.
- 3.3 Geen lid van *Die Voortrekkers* is aanspreeklik vir enige uitstaande skuld by ontbinding van enige bestuursliggaam van *Die Voortrekkers* of *Die Voortrekkers* nie.

4. TRUST

- 4.1 Die Hoofbestuur of 'n Gebiedsbestuur kan opvoedkundige trusts skep en kan enige of alle bates van die gebied of *Die Voortrekkers* in oorleg met *Die Voortrekkers* (Edms) Bpk in sodanige trust plaas op voorwaarde dat rekenkundige maatreëls soos voorgeskryf in hoofstuk dertien (13) van die Reglemente, daarvoor vereis word.
- 4.2 Die trustees van sodanige trust moet verkieslik uit die lede van die betrokke dagbestuur benoem word.